# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## God gee nie moed op met sy mense nie

**Skriflesing:**
Filippense 1
(1983)

**Teksvers**:
Filippense 1:6

**DL** Hfst 5

**Sing:**
Ps 33-1:1,5,6
Ps 119-1:33,35
Sb 16-1:1-3
Ps 33:11
Sb 18-7:1,11,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Daar is baie dinge wat ons blydskap steel. Een is twyfel. Twyfel aan jouself. Aan die Woord. Aan God!

Ons twyfel maklik en dan bekruip die moedeloosheid en swartgalligheid ons soms sommer helder oordag. Dit is waarskynlik daaraan te wyte dat ons so maklik tou opgooi. As dinge bietjie swaar word, as ons begin sukkel, nou-ja dan staak ons sommer en gooi tou op.

Ons gees doen nogal dieselfde soort ding as dit by geloof in God kom.

Ons vergelyk God eintlik met onsself! En daarin vind Paulus die verskil: *God is nie soos 'n mens, soos ons nie! Hy gooi nie sommer net handdoek in nie. Nie dat ons dit vir Hom eintlik maklik maak nie.*

**SONDAGAAND 18:00**

## Wees Heilig!

**Skriflesing:**
Levitikus 19:1-18
(2020)

**Teksvers**:
Levitikus 19:2

**Sing:**
Ps 99:1,4,5
Ps 34:5,8
Ps 33:6,11
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Wees heilig! Hierdie opdrag word reeds aan die volk Israel gegee by die berg Sinai in die woestyn waar die HERE self vir Hom hierdie volk afsonder. Hierdie volk moenie soos die ander volke wees nie.

Die HERE is nie soos ander gode nie, en daarom mag sy volk ook nie soos ander volke wees nie. Omdat die HERE heilig is, daarom moet elkeen wat aan Hom behoort ook heilig wees.

Ons staan vanaand stil in die heilsorde by die wyse waarop ons self afgesonder word tot heil.



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 49 Nr 29 8 Sept 2024

# E v a n g e l i e

Hierdie woordjie is nogal so bekend in Afrikaanse kringe dat ons nie eintlik besef hoe vér terug dit in betekenis gaan nie.

Evangelie (Eng: *Gospel*) stam af uit die Latyns of eerder Griekse woord "*euangellion*". Die "*eu*" beteken goed en "*angelo*" (engel) is boodskapper. Die evangelie is dan die goeie boodskap. **GOEIE NUUS!**

Die betekenis gaan egter só vér terug as die oorlogsveld. Nadat die veggeneraal die oorwinning oor sy koning se vyande behaal het, stuur hy 'n hardloper met die goeie nuus na die volk en die koning. Die boodskap is dan evangelie, goeie nuus, blye boodskap. Die boodskapper se betaling word ook *euangellion* genoem.

Ons Veggeneraal, Jesus Christus, het die vyand op Golgota verslaan. Die Goeie Nuus is opgeteken deur die boodskappers en ons noem hulle die evangelie-skrywers (evangeliste). Die Goeie Boodskap is dat ons Veggeneraal die omvattende en volslae oorwinning behaal het en daarom die erenaam "**Here**" ontvang het, nadat Hy uit die dood opgestaan en opgevaar het.

Hom loof ons wat niks ontsien het om vir ons van sonde en duiwel en dood te verlos nie. Hierdie Evangelie moet aan alle mense oor die hele wêreld oorvertel (verkondig) word, want dis 'n krag van God vir elkeen wat glo.

Is dit ook vir jou goeie nuus? Vertel dit dan oraloor en herinner die wêreld dat hierdie Generaal nou Koning en Regter is wat binnekort met die wolke kom en Hy kom oordeel oor lewendes en dooies.

*Maranata! Kom Here Jesus!*

Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614** Basdenlaan 226
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00* Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

**Die nuwe lewe in Christus!**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Hersiening, Les 14-20, Ps 90:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Jesus kies sy dissipels, Ps 18

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens) | Vandag: **Sustentasiefonds** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
|---|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Biblos** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Droëvrugte

Droëvrugte bestellings moet asb ingestuur word op die elektroniese vorm wat by die wyksusters beskikbaar is. Sodra genoeg bestellings ontvang is sal die vrugte bestel word en reg wees vir afhaal by die kerk.

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**8 Sept**

| | |
|---|---|
| Riëtha Maritz | A10, A13, A16 |
| Charlotte Fourie | B6, B15 |
| Magda Pelser | A5 |

**15 Sept**

| | |
|---|---|
| Cecilia Coetsee | A1 |
| Louisa vd Walt | B3 |
| Doret Pretorius | C6 |



Die Projekspan, Markkomitee en Markoördineerders bedank graag ELKEEN wat op die een of ander wyse betrokke was, en bygedra het tot die sukses van die Lentemark.

Volledige terugvoer sal DV volgende Sondagoggend gegee word.

Projekspan en Markkomitee

***Merk asb u skenkings duidelik bv. Koningskinders, Eljada.... Dankie.***




**Klein advertensies:**

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Skoonmaak van Sonpanele**, verbeter jou werking van die toestel. Skakel Hennie 082 927 4326.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Meenthuis te huur**, Eldoraigne R9 900pm. 2 sk, 2 bk, 2 mh, sitkamer, eetkamer, kombuis in veilige en netjiese kompleks. Versorgde tuin en onderdakbraai. Skakel Elize 079 527 2079.

**Turkye 2025** (vertrek 2 Jul)

Beleef 'n onvergeetlike toer deur Turkye saam met ds Maarten. Stap in die voetspore van die vroeë Christene terwyl jy jou geloof versterk en nuwe geestelike insigte opdoen Verken die ryk geestelike en historiese erfenis van Turkye. Besoek die oorblyfsels van die sewe gemeentes wat insluit Efese, Pergamum, Laodicea ens.

Ervaar die wonder van Bybelse landskappe.

Kontak Isabel 083 640 5304 vir meer inligting.

Nog net paar plekke beskikbaar!!





# *Verjaarsdae*

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 08-Sep | Wilmarie | Rheeders | B05 | 27825151558 |
| | Ig | Viljoen | A12 | 27817437101 |
| 09-Sep | Isie | Breytenbach | A03 | 27845820994 |
| | Awie | vd Merwe | A11 | 27797685970 |
| | Frik | vd Walt | B07 | 27713099004 |
| 10-Sep | Frikkie | Brits | C08 | 27828528037 |
| 11-Sep | Andrew | Marx | B12 | 27833370784 |
| | Toekie | Meyer | C06 | 27721930625 |
| 12-Sep | Louis | Dekker | B18 | 27845506904 |
| | Tiaan | Venter | B08 | 27768673700 |
| 13-Sep | Hein | Greyling | 00 | 27824194111 |
| | Mieke | Opperman | C11 | 27829426954 |
| 14-Sep | Christoff | van Wyk | B15 | 27822259831 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 08-Sep | Alana | Dorfling | E01 | 27276268032 |
| 09-Sep | Erasmus | Bezuidenhout | B03 | 27835655789 |
| | Kate | Daniels | E01 | 27711352420 |
| 11-Sep | Christoph | Strydom | A04 | 27828722215 |
| 13-Sep | Aija | Grünenfelder | C15 | 27790877564 |
| 14-Sep | Jana Mari | Pienaar | B13 | 27827097261 |

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: Phil 1

Rev Maarten van Helden

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Annatjie van Wyk sterk aan in Mary Potter (A13—073 124 2327).
- Marietjie Venter sterk aan in Kloof hospitaal (A6—084 208 4286).
- Ria Vorster sterk nog aan in Groenkloof hospitaal (A17—435 8845).

***Meelewing*** *word betuig met:*

- Familie en vriende na die afsterwe van Elsa Briel. Begrafnis is Donderdag 12 Sept 10h30 te Olievenhoutbosch begraafplaas en 12:00 is die troosdiens in ons kerk.
- Erika van der Wateren en familie na die afsterwe van Erika se moeder, haar pa is ook ernstig siek.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

Reg en Nadia met die doop vanoggend van Tertius Horak.

# *Nagmaal*

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word op 15 Sept tydens al drie ons eredienste bedien.

**Nagmaalsete** volg om 12:00. Bring:

- Een slaai per gesin vir gemeenskaplike slaaitafel.
- Eie eetgerei, glase, drinkgoed.
- Stoele. U is welkom om 'n gazebo saam te bring.